PREEK So 24 Jan 2010

TEMA: Voorwerpe vir besondere gebruik
SKRIFLESING: 2 Tim 2:14-26
PREDIKER: Danie O'Kennedy

VOOR SKRIFLESING:

- 2e boodskap in ons reeks oor dissipelskap (3 boodskappe): Verlede week stilgestaan by 2 Tim 1:3-12 – gered, geroep, toergerus en aangemoedig.
- As ons die woord dissipel gebruik is dit volgeling van Jesus; dissipelmaker beteken iemand wat aktief meewerk sodat ander ook volgelinge van Jesus kan word.
- Kyk na 2 Tim. Paulus en Timoteus was albei dissipels/volgelinge van die Here. Paulus het ook dissipelmaking beginsels toegepas in sy verhouding met die jong man Timoteus.

BOODSKAP

INLEIDING

Gemeente, ek weet nie wie almal al op 'n jeugkamp was nie (of dalk stranddienste of korttermyn uitreik of toer saam met ander). Dit is altyd 'n interessante ervaring en kan baie soms baie uitputtend wees (jy slaap nie baie nie). Jy het te doen met 'n hele klomp energieke jongmense wat vir 'n hele naweek bymekaar is.

Ja, daar kan allerhande negatiewe dinge uitbroei. Die negatiewe is bv. as die een dalk 'n lelike grap vertel probeer die ander om nog 'n leliker grap te vertel. Of as die een rook, kan hy/sy ook vir ander leer rook.

Maar daar kan ook 'n klomp positiewe dinge gebeur. As die een sy stiltetyd getrou hou, sien die ander dit raak. As die een begin getuig van Jesus praat die ander ook makliker oor Jesus. As die een diensbaar in die kombuis is, spoor dit ook die ander aan.

Hoekom werk dit so? Daar is 'n hele paar redes, maar ek wil drie uitlig:

(1) Hulle spandeer baie tyd saam met mekaar.

(2) En hulle hou mekaar fyn dop. Kyk wat die ander een sê of doen.

(3) Hulle leer jou ken soos wat jy werklik is - dit is moeilik om vir 'n hele naweek 'n masker op te sit, veral as jy min slaap en begin moeg raak.

Die Christelike lewe is nie heeltemal soos 'n kamp nie. Maar 'n kamp of 'n korttermyn uitreiking of 'n toer bied so 'n stukkie inoefening in die lewe voor God en voor mekaar.

Ons wil mense help om as dissipels van Jesus te leef. Om volgelinge van Jesus te wees – op elke lewensterrein. Om elke dag ‘n pad saam met Jesus te loop. Nie net vir ‘n uur op ‘n Sondag nie.

2 Tim 2 gee riglyne vir ons riglyne hoe ons ‘n pad saam met Jesus Christus kan loop. En hierdie verse gee goeie raad vir iemand wat ander wil begelei op hierdie pad. Kom ons kyk ’n bietjie dieper na die teks.

(1) ’N DISSIPEL IS ‘N ARBEIDER IN DIENS VAN GOD (V 15)

In vers 15 staan die volgende woorde:

> “Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as ’n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, ’n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.”

In vers 14 word daar verwys na die nuttelose gepraat en stry. Vers 15 sê dat dissipels van die Here iets moet doen. In hierdie verse word ons opgeroep om arbeiders of werkers vir God te wees (interessant om daarop te let dat in vers 24 die woord “dienaar” of “slaaf” gebruik word). So dikwels sê mense vir my: “dit sou darem lekker gewees het as ons Jesus hier by ons kon gehad het. As ons een van sy dissipels kon wees en self by Hom kon geleer het.” Ongelukkig gaan dit nie so wees nie. Maar gelukkig het God ‘n ander plan gemaak. Hy gebruik mense op aarde om sy werkers te wees – oud en jonk.

- God het vir Paulus die groot sendeling as sy arbeider gebruik.
- God het ook vir die jongman Timoteus as sy arbeider gebruik.
- God wil vir my en jou as mede-arbeiders in sy koninkryk gebruik.

Somtyds sê mense vir my: “Ek wil my werk bedank en voltyds vir die Here gaan werk soos jy?” En dan is my eerste vraag: “Werk jy nie nou voltyds vir die Here nie? Werk jy vir jouself of vir die duiwel?” Nee, as ons kinders van die Here is, as ons sy dissipels is, werk ons voltyds vir die Here. Ek werk voltyds as predikant in Helderberg gemeente. Ander werk voltyds as onderwyser of loodgieter of verpleegster of leerder by die skool of student of pensioentrekker. Almal van ons is voltydse arbeiders in diens van God en sy koninkryk.

Vers 15 praat van ’n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra. Hoe lyk so ‘n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra? 2 Tim 2 gee vir ons ‘n paar antwoorde:

- Dit is ‘n arbeider wat hom nie hoef te skaam vir sy werk nie
- Dit is ‘n arbeider wat die woord van die waarheid verkondig

- Dit is ‘n arbeider wat onheilige en sinlose praatjies vermy (meer hieroor later)

2 Tim 1:8 sluit by die eerste deel van die vers aan:

> “Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie”

‘n Arbeider van God hoef nie skaam te wees vir die boodskap van Christus nie. Ons kan dit met vrymoedigheid verkondig. Sommige sal sê ons dweep of ons is darem ’n bietjie te erg. Nee, ek hoef glad nie skaam te wees om te sê ek is ’n Christen nie. Dit is tog die kern van my menswees. Maar tog moet ons eerlik met mekaar wees: dit is maklik om hier in die kerk dit vir mekaar te sê, maar as ‘n mens in vreemde situasies kom is jy soms skaam om te sê jy is ‘n Christen of skaam om die woord van die waarheid te verkondig. Mense is nie skaam om te sê watter rugbyspan hulle ondersteun of watter motor hulle dink die beste is nie. Ons moet mekaar in die gemeente help om met vrymoedigheid te kan praat oor oor ons Christenskap.

<u>Wat is die waarheid?</u> In die briewe aan Timoteus is die waarheid die evangelie of die regte leer oor Jesus Christus. Saam hiermee word Timoteus ook gewaarsku om onheilige en sinlose praatjies te vermy. Daar sal altyd mense wees wat allerhande onwaarhede oor die Bybel verkondig. In vers 17 word vertel van mense soos Himeneus en Filetus wat van die waarheid afgedwaal het. Hulle het geglo dat gelowiges nie by die wederkoms van Christus sal opstaan en nuwe liggame ontvang nie. Die Bybel sê dat ons nie ons energie moet mors met allerhande sinlose praatjies nie. Ons moet eerder klem lê op die waarheid.

Ja, daar kan op verskillende maniere van die waarheid afgedwaal word. En ons moet eerlik vir mekaar sê dat dit ook maklik by kerkmense plaasvind. Mense is baie beïnvloedbaar. Veral as iemand met selfvertroue en sekerheid ’n ding kom oordra. Jesus wil hê dat ons voortdurend die waarheid aan die Bybel sal toets. Ons weet dat mense verskillende dinge sal sê, maar ons moet dit altyd aan sy Woord toets. Let wel aan sy totale Woord toets – nie net ’n gedeelte van ’n vers nie. En ons toets die waarheid ook met mede-Christene. Ek en jy dink nie vir die eerste keer oor die waarheid nie. Daar is miljoene Christene wat vir eeue oor die Woord nagedink het. Ons kan by hulle leer (ek dink bv aan die geloofsbelydenis wat ons elke Sondag opsê wat al vir eeue in die kerk gebruik word).

(2) 'N DISSIPEL LEEF CHRISTUS SE VOORBEELD (VV 16-19, 22-26)

Gemeente, ek het gesê dat mense mekaar by 'n kamp of uitreik dophou. Ja, om 'n Christen te wees is 'n groot verantwoordelikheid. Dit is 'n groot verantwoordelikheid juis omdat baie mense jou dophou. En as mense jou dophou kan hulle doen wat jy doen. En onthou, die mense wat jou as Christen die meeste dophou is die nie-Christene.

Ek hoor die afgelope week 'n besonderse sin wat Nina Pieterse met my deel:

"Here help my om so te lewe, dat ander na U sal strewe"

Paulus gee vir Timoteus praktiese riglyne hoe 'n dissipel van die Here moet lewe.

(a) Vermy begeertes, rusie en onheilige praatjies (vv 16-19, 22-23)

Gemeente, in die Afrikaanse teks word twee keer die woord "vermy" gebruik (vv 16 en 22). Vers 16 praat oor onheilige en sinlose praatjies wat vermy moet word en vers 22 van begeertes wat vermy moet word. Die Griekse woord wat hier gebruik word stel dit eintlik nog sterker – vlug weg van die begeertes.

Wat sê dit vir ons? In die tyd van die Paulus was daar ook dieselfde probleme as vandag. Daar was mense in die omgewing en ook in die eerste gemeentes wat gedurig besig was met strydvrae en rusies. Hulle was nie geïnteresseerd om mense dissipels van Jesus te maak nie, maar om hulle eie dissipels of volgelinge te maak. Ongelukkig gebeur dit vandag nog. Hierdie mense doen moeite om jou weg te trek van Jesus Christus (amper soos iemand wat moeite doen om jou te oortuig dat sy span nou die beste is).

'n Dissipel van die Here is nie iemand wat 'n ander probeer oortuig met sy praatjies en stryery nie. 'n Dissipel van die Here is iemand wat die Woord van die waarheid verkondig en leef en toelaat dat die Heilige Gees mense oortuig.

Ja, daar word ook van begeertes in vers 22 gepraat. Begeertes wat oud en jonk beleef. Jou mond kan nie van Jesus getuig en jou liggaam iets anders doen nie. Christenskap werk nie so dat net jou kop of jou verstand tot bekering kom nie. Nee, Jesus Christus wil jou hele liggaam beheer. Daar is verskillende begeertes wat oor 'n jongmens se pad kom: geld, mag, seks, allerhande verslawings – noem maar op. Dissipels van die Here is nie volmaakte mense nie. Maar dissipels van die Here is mense wat voortdurend teen wêreldse begeertes stry. Ja, ek het al gedink dat sommige van die begeertes waarmee ek as jongmens gestry het, minder sal raak as ek ouer word. Maar nee, ek en jy

sal tot ons dood nog teen aardse begeertes moet stry. En ons as dissipels van die Here sal mekaar hiermee moet help.

Ons kan so maklik praat oor al die begeertes van die jongmense. Die jongmense hou maar net die volwassenes dop en doen wat hulle doen. Julle ken die woorde wat sommige mense sê: "Moenie maak soos ek maak nie, maak soos ek sê". 'n Dissipel van die Here sê: "Praat soos ek praat en maak soos ek maak"

(b) Strewe na opregtheid, geloof, liefde, vrede en vriendelikheid (v 22, 25)

Gemeente, 2 Tim 2 vertel nie net vir ons wat ons moet vermy nie (dws wat ons nié moet doen nie). Dit vertel vir ons wat ons moet doen.

In 2 Tim 2:22 3n 25 staan die volgende woorde:

> (22) Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.
>
> (25) Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring.

Hier word 'n hele mondvol genoem. Ek gaan net kortliks by elkeen van die woorde stilstaan:

Opregtheid:

Die 1983 Vertaling kan beter met "geregtigheid" of "om die regte dinge te doen" vertaal word. 'n Dissipel van die Here is iemand wat reg doen op alle lewensterreine.

Geloof:

Die tweede eienskap wat hier genoem word, is geloof. Ons kan nie werklik 'n voorbeeld wees of 'n getuienis oordra as ons dit nie eers self glo nie. Ons moet eers self vir God op sy Woord neem. As ons nie self 'n getuienis het nie, kan ons nie dit opreg oordra nie. Mense kyk krities na Christene. Mag ons genoeg tyd kry om ons geloofslewe op te bou.

Liefde

Ons kan nie werklik die boodskap van Jesus Christus aan iemand verkondig as ons nie die liefde van Christus in ons hart het nie. Ons as Christene word opgeroep om alle mense lief te hê. Ook daardie mense wat nie soos tipiese kerkmense lyk nie. So baiekeer oordeel ons mense in plaas van om hulle onvoorwaardelik lief te hê. Ons moet eerlik kan sê dat ons 'n ander persoon met die liefde

van Christus liefhet; ANDERS KAN ONS NIE BLYE BOODSKAP VAN JESUS CHRISTUS AAN HULLE VERKONDIG NIE.

Vrede

Ons as dissipels wil graag die vrede uitleef – vrede met God, met onsself, met ander mense. Onvrede lei tot allerhande sinlose praatjies en bekommernis

Vriendelikheid

Die laaste eienskap wat ek vandag wil uitlig is vriendelikheid (vv 24-25). Ons hoef nie vriende met almal te wees nie, maar ons kan vriendelik met almal wees. Maak nie saak wie die persoon is nie. Vers 25 sê selfs dat ons met vriendelikheid vir 'n ander persoon moet teregwys. Ja, julle sien teregwysing en vriendelikheid staan nie teenoor mekaar nie. Want ons kan nie iemand teregwys as ons nie lief is vir daardie persoon nie. Die Bybel sê baie duidelik: "Tugtig die wat jy liefhet". En ons doel met teregwysing is juis om mense nader aan die Here te trek. Daar kom tye wat ons as dissipels van die Here vir ander in vriendelikheid moet teregwys. Tye waar ons vir mekaar moet sê: "So leef 'n dissipel van die Here nie"

Jesus Christus het vir ons hierdie voorbeeld uitgeleef. Ons is sy dissipels en wil dit navolg.

(3) DISSIPELS IS SOOS VOORWERPE VIR BESONDERE GEBRUIK

In vers 21 staan die volgende woorde:

> "As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens."

Hier word weer die beeld gebruik van die kerk of gemeente as 'n huis. En in die huis is daar verskillende voorwerpe. Daar is sommige persone wat hierdie teks gebruik om te sê dat sekere persone beter as ander in God se koninkryk is – dit wil sê sekere is nou die goue en silwer voorwerpe en ander die hout en die klei voorwerpe. Dit is nie wat 2 Tim 2 sê nie. Dit is ook nie wat die res van die Bybel sê (vgl 1 Kor 12 waar staan dat alle geestelike gawes ewe belangrik in God se oë is).

Nee, verse 19-21 beklemtoon dat ons voorwerpe van besondere gebruik kan wees. Net soos daar verskillende voorwerpe in 'n huis gebruik word – net so is ons as Jesus se dissipels verskillend. En God gebruik ons elkeen. Bv. as jy in 'n huis 'n blikkie perskes wil oopmaak, kan jy nie 'n pragtige silwer mes daarvoor gebruik nie. Dit gaan nie werk nie. Jy het 'n blikoopmaker nodig. Jy kan weer

nie ’n blikoopmaker op die tafel sit vir mense om te gebruik as hulle eet nie. Net so besef ek elke dag dat daar sekere mense op aarde is wat ek glad nie kan bereik nie. God gebruik dan weer ander mense as medewerkers (bv daar is vandag ’n spesiale erediens vir motorfietsryers. Ek het nie eers ’n motorfiets en kan nie motorfiets ry nie. Hoe gaan ek met my Opel Astra daar aangery kom en hulle bereik. Ek kan darem my hare deurmekaar maak en ’n leerbaadjie aantrek. Maar God kan vir Paul Barnard daar gebruik).

Vers 21 sê “as iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy ’n voorwerp vir besondere gebruik wees”. Wat beteken dit? Die kwaad waarna Paulus verwys is die mense wat hulle besig hou met rusie en onheilige en sinlose praatjies. Sulke mense kan nie voorwerpe van besondere gebruik wees nie. Daar is sommige mense wat volgelinge kry deur net die ander af te kraak (neem nou bv politieke partye). Dit werk nie so met Christus nie. Ons kan net dissipelmakers wees as ons die blye boodskap van Jesus verkondig en dit elke dag uitleef.

SLOT

Gemeente, ek het reg aan die begin vertel van wat by ’n jeugkamp of uitreik kan gebeur. Hoe mense mekaar postief of negatief kan beïnvloed. Ek het my vrou Kobie by ’n jeugkamp – by ’n Stranddienskamp ontmoet. Ek het tyd saam met haar spandeer. Ek het haar fyn dopgehou. Ek het haar leer ken soos wat sy werklik is – sonder maskers. Ek het haar leer liefkry en wou haar net nog beter leer ken. Ek het met haar getrou en bid dat die Here ons nog lank en gelukkig saam sal hou – tot met ons dood.

Dissipels van die Here is voltydse medewerkers in God se koninkryk. Ons is voorwerpe vir besondere gebruik. Mag die Here ons gebruik om ander nader aan Jesus te trek. Dit wil sê om nie net dissipels te wees nie, maar ook dissipelmakers.

- Ons gebruik om die woord van die waarheid suiwer te verkondig.
- Ons gebruik om slegte begeertes en rusie en onheilige praatjies te vermy.
- Ons gebruik om die geregtigheid, geloof, liefde, vrede en vriendelikheid uit te leef.

<u>Hoekom?</u> Sodat mense vir Jesus kan leer ken en liefkry en tot die dood bly dien.

Ons het mekaar in die gemeente om ons hiermee te help. Ons het verskillende bedieninge wat ons hiermee kan help – eredienste, kleingroepe, opbou geleenthede en uitreike. Maar sonder God kan dissipelskap nie werk nie. Daarom sê die Bybel in vers 25 en 19:

In vers 25 staan: “dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring”.

En dan in vers 19 word daar gepraat van die hegte fondament wat God gelê het.

God is die een wat ons help om as dissipels van die Here te leef. Hy is die Enigste Een wat ons kan help om slegte begeertes en onheilige praatjies te vermy. Hy is die Enigste Een wat ons kan help om werklike voorbeelde van liefde, geloof, vrede en vriendelikheid te wees. Sonder God kan ons nie dissipels van Jesus wees nie. Sonder God kan ons nie voorwerpe vir besondere gebruik wees nie.

Daarom gaan ons nou tot Hom bid:

- Bid waar ek nie dissipel van die Here is nie – dalk vir die eerste keer dit vir die Here wil sê.
- Bid dat die Here die sonde en ongehoorsaamheid in my lewe sal wegneem wat my keer om dissipelmaker te wees.